government communications

Department:
Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# V&A VIR DIE ELEKTRONIESE INENTINGSDATASTELSEL (EVDS)

1. **Wat moet ek doen as ek al 'n ruk gelede op die EVDS geregistreer het en nog nie 'n kennisgewing van 'n afspraak ontvang het nie?**

   As jy geregistreer het, sal jy beslis 'n beurt kry. Jy is op ons rekords en so gou as wat 'n tydgleuf by 'n inentingsperseel in jou area oopgaan, sal jy 'n SMS kry. Wees asseblief geduldig, ons sal niemand uitlaat uit ons nasie se inentingsveldtog nie.

2. **Hoe lank behoort ek te wag vir 'n kennisgewing van my afspraak?**

   Hoe gou jy 'n SMS vir 'n nuwe afspraak sal ontvang, hang af van die aantal inentingsentrums in jou area. Namate daar elke week nuwe inentingsentrums open, sal daar meer afspraakgleuwe beskikbaar raak en hoe gouer sal jy 'n kennisgewing van jou afspraak ontvang.

3. **Ek het op die EVDS geregistreer, maar het nie enige kennisgewing ter bevestiging ontvang nie?**

   Nadat jy op die EVDS geregistreer het, behoort jy 'n SMS te kry wat bevestig dat jy geregistreer is en in die ry is om vir jou inenting geskeduleer te word. Indien jy nie hierdie SMS ontvang het nie, besoek asseblief wees www.vaccine.enrol.health.gov.za om te kontroleer dat jou inligting deurgegaan het deur jou ID-nommer in te tik.

4. **Ek het voor ander mense geregistreer, maar het nog nie 'n afspraak gekry nie.**

   Die EVDS pas dieselfde reëls op almal toe — sowel in die private as in die openbare sektor. Afsprake hang af van die aantal inentingspersele in jou area. Dit hang ook af van die tydgleuf wat jy gekies het, bv. in die oggend of middag, weeksdae of naweke. Ons gaan voort om ons gesondheidsorgwerkers in te ent en hulle geniet prioriteit om seker te maak hulle kan ons stryd teen Covid-19 veilig voortsit. Byvoorbeeld, as jy in 'n gebied woon waar daar verskeie inentingspersele is, sal jy gouer 'n SMS ontvang as iemand wat tans in 'n gebied met minder inentingspersele bly.

5. **Ek het by my mediese fonds geregistreer – moet ek nog steeds op die EVDS registreer?**

   Sommige mediese skemas sal vra dat jy ook op hulle stelsel registreer sodat hulle vir

jou inligting oor inentings kan stuur. Jy moet egter nog steeds op die EVDS registreer. Dit is die enigste manier om ‘n afspraak te maak, ongeag of jy by ‘n openbare of private inentingsperseel ingeënt word, of mediese versekering het.

**6. Ek word deur ‘n mediese fonds gedek. Moet ek dieselfde proses as die openbare sektor volg?**

Jou mediese fonds moet die reëls van die nasionale entstofontplooiing volg soos uiteengesit deur die Departement van Gesondheid. Mediese fondse mag slegs ‘n sekere ouderdomsgroep inent soos aangekondig deur die Departement van Gesondheid. Die EVDS sal vir jou vra of jy ‘n mediese fonds het. Indien wel, moet jy die naam van die skema invul sowel as jou mediesefondsnommer. Die stelsel sal probeer om mediesefondslede na private persele te stuur (as daar een in die omgewing is) maar hulle kan ook na ‘n openbare perseel genooi word.

**7. Ek het my adres verander, hoe bring ek ‘n verandering op die EVDS aan?**

Gaan terug na die EVDS-stelsel en tik jou nuwe inligting in. Daar sal NIE ‘n gedupliseerde rekord wees nie, mits jy dieselfde ID-nommer gebruik het. Die stelsel sal jou ID-nommer gebruik om jou persoonlike inligting op te dateer. Die EVDS is ontwerp om veranderinge en bywerkings aan jou persoonlike inligting te hanteer.

**8. Kan ek na ‘n ander inentingsperseel gaan as die een wat aan my toegewys is?**

Ons moedig almal aan wat ‘n afspraakkennisgewing ontvang het om na die perseel wat aan hulle toegewys is, te gaan. Dit waarborg dat jy in jou afspraakgleuf ingeënt sal word, aangesien ‘n entstofdosis reeds aan jou toegewys is.

Aangesien ons in die eerste week van die inentingsprogram uitdagings met instapgevalle gehad het, is departemente gevra om hierdie praktyk te STAAK. Ons entstofverspreiding word sorgvuldig beplan. Ons laat die aanbod en aanvraag van die entstof ooreenstem om seker te maak dat daar genoeg dosisse op ‘n gegewe dag is.

Deur na jou toegewysde perseel te gaan, help dit ons ook om die inentingsveldtog op ‘n ordelike wyse uit te voer. Dit verhoed dat mense saamdrom en “massabyeenkomste” op een perseel veroorsaak, wat dan die gevaar loop om superverspreidergeleenthede te word.

**9. Hoe besluit die EVDS na watter inentingsperseel om jou te stuur vir jou afspraak?**

Die stelsel sal outomaties ‘n perseel aan jou toewys wat naby aan die huis- of werksadres is wat jy ingevul het. In stedelike gebiede sal dit ‘n perseel wees wat binne 10 km van daardie adres is en in landelike gebiede ‘n sentrum binne 30 km van waar jy woon of werk. Die tyd wat jy gekies het om ingeënt te word toe jy geregistreer het, soos die oggend of namiddag, tydens weeksdae of naweke, beïnvloed ook die beskikbaarheid en skedulering van jou afspraak.

**10. Wat daarvan as ek sou besluit om by ‘n inentingsperseel in te stap?**

Ons versoek ernstig dat mense NIE net sal instap nie. Deur by ‘n perseel in te stap, beteken nie dat jy dadelik gaan ingeënt word nie. Inentingspersele kan help om mense wat 60 jaar en ouer is op die elektroniese inentingsdatastelsel te registreer (EVDS). Die beste manier om seker te maak dat jy jou inenting kry, is deur vroegtydig aanlyn te registreer en ‘n afspraak te maak.

**11. Wat gebeur as jy jou inentingsafspraak misgeloop het?**

Die EVDS sal jou outomaties vir ‘n volgende afspraak herskeduleer en aan jou ‘n SMS met jou datum stuur. Jy kry drie geleenthede – die oorspronklike afspraak plus nog TWEE afsprake. As jy nie die geskeduleerde afsprake kon bywoon nie, moet jy die COVID-hulplyn skakel by 0800 029 999 en vra om jou te herregistreer. Jou registrasiebesonderhede bly in die stelsel, maar dit kan nie bepaal of jy op verlof, weg, kwaadwillig of oorlede is nie, en dit wag dus vir jou om kontak te maak.

**12. Wat moet ek doen as ek geen vorm van identifikasie het nie?**

Die Departement van Gesondheid werk tans aan ‘n stelsel wat sal toelaat dat mense sonder identiteitsdokumente wel ingeënt kan word. Meer besonderhede hieroor sal binnekort bekendgemaak word. Die plan is om voorsiening te maak vir alle ongedokumenteerde migrante, sowel as vir mense sonder identiteitsdokumente.

**13. Hoe moet ek registreer as ek nie toegang tot die internet het nie?**

Diegene sonder aanlyn toegang of ‘n slimfoon kan per SMS registreer deur *134*832* en jou ID-nommer# te skakel. Indien jy nie ‘n ID-nommer het nie, skakel *134*832#. Registrasie kan ook geskied deur middel van die COVID WhatsApp-nommer deur “REGISTREER” te stuur na 0600123456. SMS en WhatsApp-registrasiedienste is gratis; jy hoef nie data of lugtyd te hê om toegang tot die diens te verkry nie.

Indien jy nie van enige van hierdie metodes gebruik kan maak nie, kan jy na ‘n primêre-gesondheidsorgpunt gaan en die personeel vra om jou te help. Baie gemeenskapsleiers (godsdienstige, politieke, tradisionele en sakeleiers) het ook aangebied om mense te help om aanlyn te registreer. Jy kan ook ‘n buurman of jongmens vra wat oor meer vaardighede beskik en die nodige apparaat het om te help.

**14. Kan mense jonger as 60 jaar op die EVDS registreer?**

Die EVDS sal jou ouderdom outomaties bereken op grond van jou ID-nommer en sal vir jou sê dat jy te jonk is om dadelik ingeënt te word. Die inentingsontplooiing gebruik ouderdom eerder as onderliggende siektetoestande om te bepaal wanneer jy ingeënt sal word. Die Minister van Gesondheid sal aankondig wanneer ‘n volgende ouderdomsgroep vir registrasie open.

Studies het getoon dat ouderdom ‘n akkurater voorspeller as onderliggende siektetoestande is om te bepaal of jy in die hospitaal sal beland of sterf aan COVID-

19. Baie onderliggende siektetoestande kom ook meer algemeen by ouer mense voor.

**15. Wat moet ek doen om op die EVDS te registreer?**

Om op die EVDS te registreer, moet jy 'n ID- of paspoortnommer en mediesefondskaart (as jy een het) byderhand hê. Die eerste stap is die voltooiing van 'n digitale registrasievorm met die volgende persoonlike besonderhede: Naam en van, geboortedatum, geslag, e-posadres, selfoonnommer en werks- of woonadres.

Jy sal 'n SMS ontvang wat bevestig dat jy geregistreer is en in die ry is om vir jou entstof geskeduleer te word. Wanneer dit jou beurt is om ingeënt te word, sal die stelsel vir jou 'n SMS stuur met 'n datum en die plek waar jy ingeënt sal word. As jy nie 'n selfoon of e-posadres het nie, kan jy na 'n primêregesondheidsorgpunt gaan en die personeel vra om jou te help.

16. **Wat word van my inligting wat ek aan die EVDS gegee het?**

Die inligting wat tydens registrasie verskaf is, help met beplanning, aangesien data van die stelsel die regering in staat stel om entstowwe aan dienspunte toe te ken. Deur die stelsel kan die regering seker maak dat genoeg entstowwe beskikbaar is op 'n bepaalde inentingsdag. Die inligting word ook gebruik om met jou oor die inentingsprogram te kommunikeer wanneer nodig. Alle EVDS-data word veilig bewaar en die stelsel voldoen aan alle toepaslike wetgewing.